N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 44

30 Oktober 2022

Hoekom jy negatiewe denke moet vermy

Wanneer ons vol geloof ons oë op ons goeie Vader hou, hou selfs die ergste scenario's die belofte van 'n positiewe doel in, want ons het die belofte dat God in elke situasie werksaam is vir ons toekomstige beswil.
'n Negatiewe uitkyk lei nooit, ooit tot 'n positiewe lewe nie.
Optimisme is die onwrikbare verwagting en diepe versekering dat God in elke situasie tot ons toekomstige voordeel sal laat uitwerk. Dit is presies wat Paulus in Rom 8:28 sê: "Ons weet dat God alles ten goede laat mee werk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens Sy besluit geroep is." Alles, beteken álles – selfs pynlike of negatiewe dinge. Ons kan die goeie dalk nog nie sien of ervaar nie, maar dit maak nie die waarheid van hierdie stelling ongedaan nie. Wanneer ons vol geloof ons oê op ons goeie Vader hou, hou selfs die ergste scenario's die belofte van 'n positiewe doel in, want ons het die belofte dat God in elke situasie werksaam is vir ons toekomstige beswil.
Jou gedagtes bepaal jou toekoms
Hoe beskou jy die toekoms in jou gedagtelewe? Dít wat jou gedagtes oorheers, beheer jou lewe. As jou gedagtes verteer word deur negatiwiteit, vrees, bekommernis en angs, sal dit die koers van jou lewe bepaal…Jou lewe is oor die algemeen 'n weerspieëling van jou denke. "Wat jy dink, bepaal alles wat jy doen." Spr 4:23 (NLV) Negatiewe mense sal beslis nie help om jou gedagtes op geloof te fokus nie. Om tevrede en geseënd te voel, hang nie van die stand van sake af nie – dit is die ingesteldheid.
Voed geloof met die Woord
Wat neem jou gedagtes in beslag? Voed eerder jou geloof en laat die negatiwiteit en vrees honger lei, want wat jy ook voed, sal groei. As ons onsself die hele dag lank vul met al die negatiewe nuus, is dit dwaasheid om te dink dat dit ons nie gaan beïnvloed nie. Dit is voldoende om een keer per dag vir 'n kort tydjie jou nuus vir die dag te lees of te luister en so op hoogte te bly van wat aangaan. Die res van die tyd moet daaraan bestee word om ons gedagtes te voed met die dinge wat ons geloof opbou. Wees in die Skrif sodat die Skrif in óns kan wees. Dit behels nie net om dit te lees nie, maar ons gedagtes met die Woord te vul, daaroor te mediteer én dit toe te pas sodat die Woord ons denke voortdurwend skoon was. Kry end met die slegte nuus! Ons het die Goeie Nuus! Ons dien 'n God vir wie alles moontlik is. Ons kán optimisties wees oor die toekoms. Eerder as om deur vrees en angs verteer te word "ag ek dat die lyding van hierdie huidige tyd nie waardig is om te vergelyk met die heerlikheid wat in ons geopenbaar sal word nie" (Rom 8:18). Daar is niks – absoluut niks – wat ons van die liefde van God kan skei nie (Rom 8:38 -39). – Lourieke Haller

Dankie!

Vir die reën wat oor verskeie dele van ons land geval het!
Ons het die Goeie Nuus!
Vir elke genesing en herstel van siekte, beserings of operasies!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – vir die voorbereiding van eksamens wat voorlê .
- Vir reën oor ons land. Daar is nog baie dele oor ons land wat baie droog is.
- Vir die dele oor ons land wat afgebrand het.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Jaap Naudé
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Hanna Pienaar.
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Lilian van Zyl
- Oom Eberhard Carshagen
- Suzelle Barkhauzen.
- Susan van Zyl
- Lettie Bezuidenhout
- Juan Strijdom
- Martie van Staden
- Jaco Steenkamp
- Piet Loggenberg
- Tannie Bets Coetzee
- Lucinda Graaff
- Ina van der Merwe
- Louis Strauss
- Wally Fourie
- Oom Hannes & Tannie Rina Loots
- Corrie Botha

Gedagte vir die week

Jy is vandag waar jou denke van gister jou gebring het;
Jy sal more wees waarheen vandag se gedagtes jou lei.
Christian Bovée

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org